

# Info Forum

Nuusbrief van die Potchefstroom Kampusbiblioteke
Vol 13:1 • November **2015**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

IN HIERDIE UITGAWE:

Bladsy

1 - Voorwoord
2 - Inwyding van die nuwe Inligtingsmeent
3 - Grondvloer bouproses
4 - Meningsopname: Inligtingsmeent
5 - "Embedding" en die aanleer van inligtingsvaardighede
6 - Loslitdag
7 - Ons Biblioteek
8 - Sierra
10 - NWU-IR
13 - EndNote vs RefWorks
14 - Gemeenskapsdiensprojekte
15 - Wat sê jy?
16 - Afgetredenes

***"Bad libraries build collections, good libraries build services, great libraries build communities."***

***- R. David Lankes***

## Voorwoord

Nog nooit was daar soveel uitdagings aan akademiese instellings gestel nie: hulle vermoë om aan te pas en tred te hou met alles wat vinniger, meer en groter word. Nog nooit was dit nodig om kwaliteit met spoed te laat klop nie en nog nooit was dit moontlik om navorsing te inisieer en te voltooi in die kortste tyd moontlik en met minimale persoonlike ontmoeting nie. Die Ferdinand Postma se biblioteekdiens voldoen egter met onderskeiding aan al die eise. 'n Nuusbrief mag egter moontlik nie genoeg wees om aan die vitaliteit en dinamika van die Ferdinand Postma Biblioteek en sy vier takbiblioteke reg te laat geskied nie.

Daar is tot die arena van eNavorsing toegetree. Dit sluit onder andere die volgende in: samewerking met navorsingsrolspelers van die Universiteit; gespesialiseerde navorsingsondersteuning; 'n webblad van internasionale gehalte; InCites om die navorsingsimpak te bepaal; ORCID vir eenvormige navorsingsidentiteit en -profiele; die aktiewe uitbreiding van Boloka (institusionele pakhuis); die beplanning van die bestuur van die navorsingsdata; en nog vele meer. Onderrig-leer baat by die inrigting van die Inligtingsmeent met die gepaardgaande geïntegreerde opleiding in inligtingsvaardighede en die klem op individuele en groepswerk in die fisiese ruimtebeplanning. Die aktiewe toetrede tot vervlegde leer via die gebruik van tegnologie, asook die doelgerigte uitbreiding van elektroniese bronne vir op- en af-kampusstudente verwyder die tradisionele gaping. Spontane deelname aan gemeenskapsbetrokkenheid by sekondêre skole in die omgewing dra by tot die toerusting van potensiële leerders met die verlangde lewensvaardighede en voorbereiding vir verdere studie.

Biblioteekspasies is op internasionale skaal heringerig en gemoderniseer om die eise van die 21ste eeu die hoof te bied, gedrukte en elektroniese bronversamelings is geyk en die personeelstruktuur is doelmatig aangepas en met die ander twee kampusbiblioteke geharmoniseer. Die beduidende getal studerende personeellede (ongeveer 30 oor die afgelope 4 jaar) spreek van 'n dinamiese en gemotiveerde biblioteekspan. 'n Biblioteekforum is in 2014 gestig om die drie biblioteke se dienste volgens die NWU-visie te belyn.

Dit is 'n voorreg om deel te kon wees van 'n omgewing waar werksywer en werkstrots, professionaliteit, diensgerigtheid, bekwaamheid, ondersteuning en omgee, asook die gereedheid vir uitdagings kenmerkend was.

Mag hierdie biblioteek se blink ster steeds voortbrand en mag julle van krag tot krag gaan.

Elsa Esterhuizen

## Die inwyding van die nuwe grondvloer en die Inligtingsmeent

Met die ingebruikneming van die nuwe grondvloer en die voorgraadse Inligtingsmeent hou die Biblioteek tred met voorgraadse studente se behoefte aan 'n sosiale leer- en werksomgewing.

Die Inligtingsmeent is 'n hoë tegnologie-omgewing met 90 rekenaarwerkstasies waar toegang tot elektroniese inligtingsbronne verskaf word en waar werksopdragte gedoen word. Drukkers, skandeerders en seminaarkamers vir groepwerk is ook beskikbaar. 'n Goed-toegeruste opleidingslokaal met 'n interaktiewe witbord vergemaklik die aanbieding van inligtingvaardigheidsessies, waartydens op die wetenskaplike hantering van inligtingbronne, die voorkoming van plagiaat en die skryf van werksopdragte gefokus word. Op die res van die grondvloer is gesellige en informele kuierareas met addisionele kragpunte vir tablette en skootrekenaars ingerig.

Die Navorsingmeent wat verlede jaar (2014) ingewy is, fokus op die behoeftes van nagraadse studente en navorsers. Met die daarstelling van die Inligtingsmeent word die boodskap deurgegee dat die Biblioteek aan studente op alle vlakke van die akademiese leeromgewing ondersteuning wil bied.



Vir meer inligting: [http://news.nwu.ac.za/nwu-library-opens-excellent-new-information-commons](http://news.nwu.ac.za/nwu-library-opens-excellent-new-information-commons) - June 2015

## Grondvloer bouproses





















## ’n Meningsopname ten opsigte van die Inligtingsmeent

Die Inligtingsmeent plaas groot klem op die lewering van ’n gebruikersgesentreerde diens. Dit was dus noodsaaklik om vir ’n paar maande die gebruikers se ervaring van die meent te meet nadat dit amptelik in April 2015 geopen is. Omtrent 109 studente het aan die opname deelgeneem wat op die Biblioteek se eFundi webwerf sowel as die LibGuide vir voorgraadse ondersteuning geplaas is.


Die resultate van die studie het aangedui dat 49,07% van die Inligtingsmeent se gebruikers eerstejaarstudente is, gevolg deur 23,15% tweedejaarstudente, terwyl 17,59% van die gebruikers besig was met die voltooiing van hulle derde jaar. Interessant genoeg was 10,19% van die gebruikers nagraadse studente. Wanneer die resultate van naderby bekyk word, blyk dit dat die hoogste persentasie (34,86%) van die Inligtingsmeent se gebruikers uit die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe afkomstig is. Studente van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte verteenwoordig 21,10% van die Inligtingsmeent se gebruikers, terwyl studente van die Fakulteit Teologie die mins aktiewe gebruikers van die fasiliteit blyk te wees (1%).


Volgens die opname is die vyf belangrikste redes waarom studente gereeld die Inligtingsmeent gebruik, die volgende: rekenaars, drukwerk, individuele studie, navorsing en groepwerk in die seminaarkamers.

Studente is ook gevra om op hulle ervaring in die Inligtingsmeent uit te brei en ’n paar van hulle antwoorde was soos volg:

- “It is very comfortable and always clean. This creates an inviting environment for us to complete our intended tasks.”
- “The quietness and the vibe of wanting to study when going there.”
- “It caters to all my needs.”
- “The space is used functionally, and the separate places for working with a computer, laptop, or merely sitting on a couch are also functional.”

Tot dusver was klagtes tot die geraasvlak en die beskikbare rekenaars gedurende spitstye beperk.



# "Embedding" en die aanleer van inligtingsvaardighede

Akademiese bibliotekarisse is besig om hulle rolle in die lig van die uitdagings van die digitale omgewing te herdefinieer (Carlson & Kneale, 2011:167). "Embedding" bied hulle die geleentheid om hulle vaardighede en kundigheid "out of the context of the traditional library ... in an onsite setting ... that enables close coordination and collaboration with researchers" aan te wend (Carlson & Kneale, 2011:167). Om buite die tradisionele en bekende te beweeg, is 'n uitdagende vooruitsig. Daar is geen gevestigde riglyne of verwysings wat die oorgang na geïntegreerde biblioteekkunde navigeer nie. Akademiese bibliotekarisse sal kreatief moet wees in die identifisering van geleenthede om hulself in die lewe van die studente en die betrokke fakulteite te integreer.

Carlson en Kneale (211:168-169) bied die volgende raad aan bibliotekarisse wat hulle inligtingsdienste wil "embed" (anker) onder hulle gebruikers:

- Wees bereid om buite die biblioteekgebou te waag en soos 'n entrepreneur te dink.
- Wees proaktief en kreatief binne jou daaglikse werksomgewing en identifiseer nuwe geleenthede vir samewerking met studente en fakulteite.
- Wees bereid om risiko en verwerping in die najaag van geleenthede te aanvaar.
- Bou blywende verhoudings buite die biblioteekgebou.

'n Gebied wat die moeite werd is om te verken, is nouer samewerking met fakulteitslede en die integrasie of vaslegging van inligtingsgeletterdheidsvaardighede in die voorgraadse kurrikulum. Om die lewensvatbaarheid van inligtings- en digitale geletterdheid onder voorgraadse studente te verseker, is dit nodig om fisiese of virtuele toegang tot die studente in die klaskamer te verkry. Die voordeel van die integrasie of vaslegging van inligtingsgeletterdheid binne die voorgraadse kurrikulum is dat inligtingsbibliotekarisse so toegang tot voorgraadse studente op 'n gereelde en deurlopende basis verkry.

Hierdie konsep kan ook van toepassing gemaak word op inligtingsgeletterdheidfasilitering. Alhoewel "one-shot" fasiliteringsessies 'n waardevolle manier is om voorgraadse student te bereik, is dit generies van aard omdat dit fokus op biblioteekvaardighede en nie noodwendig inligtingsvaardighede nie. Hierdie tipe benadering tot die aanleer van inligtingsvaardighede is ook afhanklik van die dosent se gesindheid teenoor die biblioteek en of daar hoegenaamd tyd beskikbaar is vir 'n "biblioteekbesoek". Omdat die situasie waarbinne inligtingsvaardighede aangeleer moet word jaarliks wissel, bly die inhoud van fasiliteringsessies oppervlakkig en generies. Die Inligtingsmeent het bied gedurende die semester in-stap- inligtingsvaardigheidkursusse aan. Die impak daarvan blyk nie so groot te wees soos wanneer die aanleer van inligtingsvaardighede in noue samewerking met 'n dosent beplan, aangebied en assesseer word nie. Studente is meer ontvanklik vir fasilitering wanneer inligtingsvaardighede binne die konteks van 'n spesifieke vak- of kurrikulum verwante probleemstelling aangeleer word, die toepassing daarvan deur die dosent assesseer word en 'n punt toegeken word. Die feit dat studente alles wat die opleier demonstreer self kon herhaal op die rekenaars in die Tarentaal opleidingsfasiliteit, het interaksie bevorder.

Deur ons ervaring van die inligtingsgedrag van voorgraadse studente in die Inligtingsmeent met dosente te deel, is 'n aanknopingspunt gevind waar dosente sake aangeroer het wat hulle wil aanspreek tydens fasiliteringsessies. Een van hierdie aspekte is onder andere die etiese gebruik van inligting wat gelei het tot die ontwikkeling van kursusmateriaal wat fokus op teksverwysings en plagiaat. Skakeling met dosente het ook gelei tot betrokkenheid by 'n voorgraadse navorsingsprojek wat oor 'n paar maande gestrek het. Na die aanvanklike inligtingsvaardigheidsfasilitering het die spesifieke klasgroep Tarentaal opleidinglokaal oor 'n tydperk van 2 maande met tussenposes besoek. Tydens hierdie opvolgbesoeke was die opleidingsbibliotekaris beskikbaar om tussen die studente te beweeg en inligtingsnavrae te beantwoord. Hierdie werksessies was tussen 3 – 4 ure lank, maar het die gleentheid gebied om van die konstruksie van 'n soekstrategie regdeur tot die samestelling van die bronnelys betrokke te wees by die klasgroep se inligtingsproses. Dit het studente ook bekendgestel aan die werksaamhede van die Inligtingsmeent en gelei tot afsprake vir inligtingsondersteuning buite die geskeduleerde werksgroepe in Tarentaal.

Die blote aanleer van biblioteekvaardighede is nie meer genoeg nie: inligting word teen verstommende hoeveelhede beskikbaar gestel, inligtingstegnologie beleef 'n ontwikkelingsontploffing en die voorgraadse gebruikersprofiel het as gevolg van konstante blootstelling aan 'n digitale omgewing drasties verander. Deur inligtingsdienslewering onlosmaaklik te anker of "embed" in ons gebruikers se akademiese loopbaan kry ons die geleentheid om die grense van inligtingsgeletterdheidfasilitering te toets en kreatief te verbreed om sodoende lewenslange leer te ondersteun.




## Loslitdag

Die nuwe Hub vir studente met gestremdhede, geleë in die Inligtingsmeent, is tydens Loslitdag op Vrydag 4 September 2015 geopen. Van links na regs: Elsa Esterhuizen (Direkteur: PK Biblioteek), Blanch Carolus (Hoof: Eenheid vir Studente met Gestremdhede) en Louise Vos (Bestuurder: Inligtingsdienste)

Die Ferdinand Postma-Biblioteek en die Eenheid vir Studente met Gestremdhede (USWD) werk saam om studente met gestremdhede in staat te stel om met gemak toegang tot die Biblioteek en Inligtingsdienste te verkry. Die USWD het vier rekenaars beskikbaar gestel wat die Biblioteek gebruik om studente met gestremdhede te help om inligtingshulpbronne te vind en toegang tot akademiese aktiwiteite te vergemaklik. Die Biblioteek ondersteun die volle integrasie van studente met gestremdhede by die Universiteit en het daarom die rekenaars in die Inligtingsmeent beskikbaar gestel. Helpdesk-personeel is beskikbaar om studente van hulp te wees in al hulle inligtingsbehoeftes soos soektogte op databasisse, die katalogus, en nog meer. Die USWD sal die nodige sagteware verskaf en sodra dit geïnstalleer is, sal die Hub ten volle funksioneel wees. Op die oomblik is Zoom en Microsoft Narrator alreeds beskikbaar.

# Ons Biblioteek

**Biblioteke is lekker plekke. Ons gebruikers is "cool". Hier is 'n paar interessante statistieke oor die Potchefstroomkampus se biblioteke vir Januarie-September 2015**

**789 188**
persone wat biblioteke besoek het

**286 504**
unieke webblad besigtigings

**16 997 412**
soektogte op databasisse gedoen

# Die eVersameling

**280**
Databasisse

Ingeteken + gratis

Toegang tot

**189 812**
eTydskrifte

**11 599**
eBoeke

Toegang tot 'n addisionele 150 000+

# Ons Fasiliteite en Dienste

Totale items uitgeleen
**41 190**

Items gebruik in Reserveerafdeling
**11 961**

Opleidingsessies
**418**

Studiekamers bespreek
**11 182**

Inligtingsnavrae hanteer
**24 871**

## Kom besoek ons gerus

Die Potchefstroomkampus se biblioteke bestaan uit die Ferdinand Postma Biblioteek, Opvoedingswetenskappe Biblioteek, Natuurwetenskappe Biblioteek, Musiekbiblioteek en Teologiese Biblioteek.

## Inleiding

'n Geïntegreerde biblioteekstelsel (ILS) of Biblioteek-bestuurstelsel (LMS) bly van kritiese belang vir biblioteke in die effektiewe lewering van 'n wye verskeidenheid dienste. So 'n stelsel moet ook aan sy gebruikers die nodige ondersteuning bied vir die toegang, ontdekking en die gebruik van inligtingsbronne.


'n Effektiewe biblioteekstelsel bestaan uit ten minste die volgende modules:

***Administratiewe en professionele take***
- Katalogisering (indeksering en klassifikasie van materiaal)
- Leenstelsel/Kliëntediens (gebruikersregistrasie, uitleen, bespreking en reservering van bronne, ens.)
- Tydskrifintekening en administrasie
- Aankoop van items en finansiële funksies
- Elektroniese bronbestuur
- Inventariskontrole

***Aanlyn toegang en soekfasiliteit***
- Web OPAC (Online Public Access Catalogue) vir gedrukte en aanlyninligtingsbronne
- My Lenersrekord (Items uitgeleen en hernuwing van bronne)

***Bestuursinligting en verslagdoening***
- Prestasiebestuurstelsel
- Biblioteekgebruik
- Stelselverslae
- Versamelingsbou
- Gebruikers/Fakulteitsgebruik

## Agtergrond





Die NWU se biblioteekdienste het gedurende 1998/1999 van die Data Trek-stelsel na die bekende INNOPAC-stelsel van Innovative (III) oorgeskakel. Die INNOPAC-stelsel was die voorloper van die Millennium-stelsel wat vir ongeveer 16 jaar plaaslik in NWU-biblioteke in gebruik was.

Omdat daar sprake was daarvan dat die verdere ontwikkeling van die Millennium-stelsel weens verouderde tegnologie sou staak, is daar reeds gedurende 2013/2014 met ondersoeke na 'n nuwe stelsel begin. Stelsels onder die soeklig was: Sierra van Innovative, OLE van Kuali, Koha (Open Source systems), Alma van Ex Libris en WMS (Worldshare Management Servces) van OCLC.

Van die belangrikste oorwegings was ook die koste, 'n soomlose oorskakeling van data sonder lang onderbrekings, die minimum opleiding wat benodig word, goeie ondersteuning, 'n nuwe tegnologie en toekomstige ontwikkeling.

## Besluit en aanbeveling


Na besoeke aan ander biblioteke en verskeie demonstrasies van Sierra, het al drie kampusbiblioteke saamgestem en op die Sierra-stelsel besluit. Boonop het hierdie program ook aan al bogenoemde voorwaardes voldoen. 'n Aanbeveling is aan die Universiteitsbestuur voorgelê, goedkeuring is gedurende November 2014 verkry en die Sierra-stelsel is in Januarie 2015 aangekoop.




## Die implementering van Sierra

Gedurende die implementeringsfase is personeel ten volle op hoogte gehou en kon hulle daagliks sien wat die vordering en status van die Sierra-ontplooiing was. 'n LibGuide is geskep met alle nodige dokumentasie, tydlyn, handleidings en video's van die nuwe stelsel. Die projekspan was te alle tye beskikbaar en slegs 'n telefoonoproep ver. Vrae en probleme is onmiddellik hanteer en gedokumenteer.

Met die hulp van die NWU se IT-afdeling is twee nuwe bedieners opgestel en is die data vanaf die ou bediener oorgeskuif. 'n Toetsfase (Preview) het gevolg waartydens die Sierra-kliënt op die hele personeel se werkstasies geïnstalleer is. Tydens hierdie fase kon personeel die gevoel van die nuwe omgewing verkry. Die volledige migrasie is teen 8 Junie 2015 afgehandel sonder enige groot probleme en die personeel kon dadelik met hulle daaglikse aktiwiteite voortgaan.




Een van die grootste verskille tussen Millennium en Sierra lê in die werksvloei wat nou soveel makliker as voorheen is. Alle biblioteekfunksies is op een vlak onder Workflows toeganklik en die verskillende spyskaarte met individuele funksies kan nou volgens rolle of aktiwiteite opgestel word.

# Boloka: Institusionele pakhuis van die Noordwes-Universiteit (NWU-IR)


Die Institusionele Pakhuis van die NWU – ook bekend as Boloka – is 'n platform vir die versameling en verspreiding van verskeie uitsette deur NWU-outeurs. Items in die pakhuis het oop toegang (Open Access) en is vir enigiemand met internettoegang beskikbaar.

## Die mees besoekte items

Die tabel hier onder bevat die vyf mees besoekte items in die NWU-pakhuis.

| | Titel/Outeur | Besoeke |
|---|---|---|
| 1 | A comparison of integrated transport and spatial planning instruments : a case study of the Eden district municipality, Hermanus local municipality and Cape Town metropolitan areas / Page, J. H. (Skakel) | 6635 |
| 2 | Die rol van tegnologiekoördineerders in inligting– en kommunikasie tegnologie [kommunikasietegnologie] in Suid–Afrikaanse skole / Tarantal J.C. (Skakel) | 5727 |
| 3 | Efficiency measurement of basic service delivery at South African district and local municipalities / Van der Westhuizen, G.; Dollery, B. (Skakel) | 5062 |
| 4 | The impact of broad-based black economic empowerment (BBBEE) on family businesses / Orton, D. (Skakel) | 4431 |
| 5 | The balanced scorecard as performance measurement and personal development tool in a steel organisation / van Staden, A. (Skakel) | 4067 |

Die grafiek hier onder dui die vyf lande aan wat die pakhuis die meeste besoek het, gebaseer op die aantal sessies wat uit daardie lande (vir die periode 1 Januarie tot 31 Oktober 2015) voorgekom het.



## Boloka: Institusionele pakhuis van die Noordwes-Universiteit (NWU-IR) (vervolg)

### Groei

Verskeie Biblioteekpersoneellede op die drie kampusse het die taak om items in die institutionele pakhuis te laai. Die tabel hier onder toon die groei van die verskillende versamelings in die pakhuis aan vanaf 2014 tot 2015.

Baie moeite word met die beskikbaarstelling van die navorsingsuitsette in die pakhuis gedoen. Daar is ook biblioteekpersoneel wat retrospektiewe volteksitems byvoeg tot die bibliografiese inskrywings wat reeds sedert 2010 op die pakhuis gelaai is. Die einddoel is om volteksitems vir al die navorsingsuitsette op die pakhuis te hê.




Daar is ook 'n aantal geakkrediteerde tydskrifte wat op die pakhuis gelaai is en beskikbaar gestel word, naamlik PER, The journal for transdisciplinary research, Jàmbá, New contree en Gister & vandag.

| Versameling | 2014 | 2015 | Getal gegroei |
|---|---|---|---|
| Africana Boeke | 160 | 307 | 147 |
| Referate gelewer by Konferensies | 1 | 58 | 57 |
| E-proefskrifte en Verhandelinge | 6273 | 6758 | 485 |
| Intreeredes | 242 | 248 | 6 |
| Tydskrifte | 2666 | 2923 | 257 |
| Publikasies | 13 | 19 | 6 |
| Navorsingsuitsette | 3373 | 4633 | 1260 |

### Self-indiening

Onlangs is 'n self-indieningsfasiliteit op die pakhuis geïmplementeer wat vakbibliotekarisse in staat stel om artikels deur outeurs in hulle onderskeie vakgebiede self op die pakhuis te laai. Voorheen is artikels retrospektiewelik opgeneem en dit het 'n jaar of langer geneem voordat items op die pakhuis beskikbaar was. Vakbibliotekarisse kan nou proaktief saam met outeurs werk om artikels op die pakhuis te laai sodra dit gepubliseer word. Die Biblioteek hoop om hierdie fasiliteit in die toekoms uit te brei, maar vir eers is dit in 'n toetsfase.

### Gebruik

| Metrieke | 2014 | 2015 | % verandering |
|---|---|---|---|
| Gebruikers (mense wat die pakhuis gebruik) | 98, 521 | 99, 111 | + 0.6 |
| Sessies (hoeveel keer die pakhuis gebruik is) | 120, 557 | 124, 834 | + 3.55 |
| Nuwe sessies | 78.06 % | 80.04 % | - 2.48 |
| Bladbesoeke | 383, 580 | 432, 079 | + 12.64 |

Soos in die tabel gesien kan word, is daar 'n geringe toename in die gebruik van die pakhuis in terme van die aantal gebruikers sowel as die aantal kere wat die pakhuis besoek is. Die enigste negatiewe groei was in die getal nuwe sessies – wat daarop dui dat dieselfde gebruikers teruggekom en die pakhuis meerdere kere besoek het.

# Boloka: Institusionele pakhuis van die Noordwes-Universiteit (NWU-IR) (vervolg)

## Toestelle gebruik

Die toestelle wat gebruik is om die pakhuis te besoek, word in die tabel hier onder vergelyk vir dieselfde periode (2014-2015).

| Toestel | 2015 % | % verandering sedert 2014 |
|---|---|---|
| Rekenaars | 74.75 | - 1.16 |
| Selfone | 20.86 | + 22.06 |
| Tablette | 4.39 | + 13.78 |




Soos uit die tabel blyk, is daar 'n toename in die gebruik van mobiele fone en tablette om die pakhuis te besoek, met 'n geringe afname in die gebruik van rekenaars. Die volgende weergawe van die pakhuis-sagteware sal meer gebruikersvriendelik wees vir mobiele toestelle. Die Biblioteek is aktief besig om daaraan te werk, om te verseker dat alle aanlyn-biblioteekdienste mobiele toestelle akkommodeer.


# ENDNOTE vs RefWorks

In die lig van die begrotingsbeperkings het die NWU besluit om net een bibliografiese bestuurstelsel te ondersteun in plaas van die twee soos in die afgelope aantal jare.

Die Biblioteek het in Mei 2015 'n EndNote- en RefWorks-gebruikersopname op die drie kampusse gelood waartydens die gebruikersvoorkeur en tevredenheid met die twee bibliografiese bestuurshulpmiddels bepaal is. Die resultate dui 'n oorweldigende gebruik van en voorkeur vir EndNote op die Mafikeng- en Vaaldriehoek-kampusse aan. Die meerderheid van die gebruikers op die Potchefstroomkampus verkies ook EndNote.

Gedurende Junie 2015 is besluit om die RefWorks-intekening vir 2016 te staak. Erika Rood en Zine Sapula het belangstellende personeel en studente bygestaan om hulle databasisse na EndNote/RefWorks te migreer. Gereëlde opleidingsessies in die gebruik van EndNote is ook geskeduleer en 'n aantal personeellede is in hulle kantore besoek om met die datamigrasie na EndNote te help. 'n Interessante waarneming was dat ook ander BMS-sagteware gebruik word soos Mendeley, Zotero, Natbib, Jabref, Qiqqa, Bibtex. 'n Paar mense gebruik selfs die verwysingsfunksie op Word hiervoor.

EndNote kan op jou kantoor-PC en skootrekenaar afgelaai word. Die EndNote-biblioteek kan met 'n EndNote-aanlynrekening gesinchroniseer word. Die NWU se Harvardstyl templaat vir EndNote is ook op eFundi beskikbaar onder die Biblioteek se Resources lip (tab).




Personeel en studente word gedurende November en Desember 2015 nog steeds gehelp om hulle databasisse van RefWorks na EndNote te migreer.

## Gemeenskapsdiensprojekte vir 2014

Dit is met groot vreugde dat die Resolofetse en Boitshoko sekondêre skole in Ikageng se biblioteke in Oktober geopen kon word. Dit was vir die skole en vir die Ferdinand Postma-Biblioteek 'n ervaring wat lank onthou sal word.

Elke skool se opening het tydens 'n formele program plaasgevind soos onderskeidelik deur die skole self gereël is. Hooggeplaasdes van die distrik en die Departement van Onderwys het dit bygewoon en as sprekers opgetree. Die amptelike oorhandiging is deur Elsa Esterhuizen en Jubrie Oosthuizen by Resolofetse en Boitshoko onderskeidelik waargeneem.

Die gasvryheid waarmee die skole die aanbieding gedoen het, was merkwaardig. By Boitshoko het leerlinge en onderwysers verskeie items gelewer. Die skole het hulle opregte dank uitgespreek en die Ferdinand Postma-Biblioteek het die versekering gegee van toekomstige hulp en steun, sover moontlik.




## Gemeenskapsdiensprojekte vir 2015

Die belangrikheid van skoolbiblioteke kan nie oorbeklemtoon word nie. Skoolbiblioteke is 'n aanwins vir die vooruitgang en akademiese ontwikkeling van leerders en daarom moet skole funksionele en goed toegeruste skoolbiblioteke hê. Die doel is om sekondêre skoolbiblioteke in Ikageng te laat herleef, 'n kultuur van lees te skep, en te help met die verbetering van inligtinggeletterdheidsvaardighede onder die leerders. Dit verhoog die aantal leerders wat met hulle matriekuitslae 'n graad kan verwerf. Sodoende ontvang die Universiteit beter toegeruste voornemende voorgraadse studente en self-volhoubare skoolbiblioteke word ook geskep.

Die Boitshoko Hoërskool het tot dusver die volgende skenkings ontvang: 'n 24-laai kataloguskabinet, 'n katalogus, uitreikingskaarte en sakkies is ontwerp en 332 boeke is geprosesseer. Potchefstroom sekondêre skool en Promosa Hoërskool het gesamentlik 106 boeke ontvang, wat woordeboeke en ensiklopedieë insluit.

## "Wat sê jy?": 22 Julie 2014

Die tweede semester het skaars afgeskop, toe die Akademiese Raad weer hulle diskoers op 22 Julie 2014 aangebied het. Ongeveer 40 studente het die geleentheid bygewoon in die gasvrye atmosfeer van die Biblioteek se koffiewinkel, Ferdi's.

Die onderwerp wat gehanteer is, is inderdaad baie relevant vir enige student en voornemende kandidaat wat tot die beroepslewe moet toetree, naamlik "Die realiteit in die werksplek, gesindheid en die belangrikheid van mentorskap".

Cindy Rautenbach (Sielkunde- en welstandkonsultant by SAB) was die spreker wat die gehoor aan haar lippe laat hang het. Sy het getuig hoedat vooropgestelde idees menige voornemende werkers kan kniehalter, omdat die realiteit nie met hulle verwagtings ooreenstem nie. Sy het gewaarsku dat kwalifikasies nie altyd 'n waarborg vir hoë salarisse en hoë poste is nie. Elke werknemer begin maar onder op die leer, met die spesifieke taak om die werkgewer te bevoordeel en nie noodwendig en aanvanklik die werknemer self nie.

Met hierdie in gedagte, het sy daarop gewys hoe belangrik 'n positiewe gesindheid in die werksomgewing is. Nederigheid en die bereidheid om enige werk te doen, sal 'n groot verskil maak. Geduld moet beoefen word, want om die korporatiewe leer suksesvol te klim, gebeur nie oornag nie.

Sy het verder ook op die belangrikheid van afrigting (coaching) en mentorskap gewys, omdat dit die uitdagings wat vooropgestelde idees en gesindhede meebring, die beste die hoof kan bied. Sy het studente aangemoedig om maatskappye te skakel en te hoor of hulle wel mentorskappe aanbied.

Die verrigtinge is ook deur Peet Roos en Anell van Pletsen van die Loopbaansentrum bygewoon. Hulle het studente uitgenooi om met vrymoedigheid van hulle dienste gebruik te maak: vir die opstel van CV's, maar ook vir leiding hoe om vir 'n onderhoud voor te berei. Heelwat vrae is ná die tyd beantwoord en die studente het na die gesprek meer bemagtig gevoel.



## "Wat sê jy?": 17 Februarie 2015

### Die positiewe psigologiese effek van R & O op eerstejaars


Die eerste "Wat sê jy"-akademiese diskoers van die Akademiese Raad vir 2015 is op 17 Februarie weer tradisioneel in Ferdi's gehou. Die tema vir die gesprek was: "Die positiewe psigologiese effek van R & O op eerstejaars". Dit was 'n baie gepaste tema aangesien dit die eerste jaar was wat daar nie meer O & B was nie.

Twee sprekers het die tema belig. Die eerste spreker, Bianca Enslin, SR: Adjunkvoorsitter, het die verskille tussen R & O en O & B verduidelik, asook hoe al die verskillende partye die nuwe R & O ervaar het. Daarna het mev. Heleen Coetzee, 'n kliniese sielkundige en oud SR-Voorsitter, redes verskaf waarom R & O 'n meer positiewe psigologiese effek op die eerstejaars het as wat O & B gehad het.

Sy het daarop gewys dat motivering slegs bereik word deur gesamentlike doelwitte waar wedersydse respek 'n gegewe moet wees. Met hierdie mikpunt sal die natuurlike hiërargie nooit in die gedrang kom nie. Eerstejaars se uniekheid moet nie alleen gerespekteer word nie, maar hulle kreatiwiteit moet ook gestimuleer en hulle hanteringsvaardighede versterk word.


Ongeveer 130 studente het die gesprek bygewoon en Ferdi's het uit sy nate gebars. Elke student het 'n gratis koeldrank ontvang wat deur die Biblioteek geborg is. Die studente het na die tyd geleentheid gehad om vrae te stel.

Die groot opkoms was 'n bewys dat die tema baie relevant was.




## Afgetredenes 2012-2015


### 2012


Doefie Kruger


Ester Venter

### 2014


Renie Laage


Christine Schutte



Hester Spoelstra


Susan Lourens


Marie de Wet

### 2015


Elsa Esterhuizen


Ria Adelaar

***Retirement is the beginning of life, not the end. — from the international bestseller How to Retire Happy, Wild, and Free***



Artikels geskryf deur: Carine Basson, Corrie Breitenbach, Elsa Esterhuizen, Janie Lamprecht, Louise Vos, Louw Venter, Martin Nokoane en Sonja van der Westhuizen
Redakteur: Elize van Eldik | E-pos: elize.vaneldik@nwu.ac.za | Tel: 018 285 2441
InfoForum is op die web beskikbaar by http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/8323